

Sing vooraf staande: Psalm 128:3, 4 (p. 627)

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroossee verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 9 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 9 Sy hand het Hy van bo gestrek, / gegryp, uit dieptes my getrek,
my vyande, te sterk vir my, / gebreidel in hul raserny.
Hul 't aangestorm. 'n Dag van nood! / Maar God, my helper, was naby;
in ruimtes is ek uitgelei, / want sy behaen in my was groot.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 10-1:3, 4 (28:3, 4) Tweede melodie Psalm 50

- 3 Gee ons – want ons gebrek is groot – / vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergiffenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want / ons is so swak. Verlos ons van
die Bose as hy sy vangnet span. / Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Gebed

Skrifberyming 16-1:1, 2, 3 (15:1, 2, 3)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."
- 3 En die Here het sy arrems / koest'rend om hul heen geslaan,
met sy hande op hul hoofde, / hul geseën, en weer laat gaan.

Skriflesing: 2 Konings 5:1-27

Kernverse: 2 Konings 5:3-4, 15

Sy het vir die vrou gesê: "Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy Meneer van sy melaatsheid gesond maak."

Naäman het by die koning gekom en hom meegedeel wat die dogtertjie uit Israel gesê het.

Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naäman voor die man van God gaan staan en gesê: “ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van my.”

(2 Konings 5:3-4, 15 AFR 1983)

Tema: Die onbekende diensknegte in God se koninkryk

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, nie almal van ons in hierdie gemeente is regtig bekende mense nie. Ander mense gaan nie sommer na ons toe aangehardloop kom om ons handtekeninge te kry of om foto's van ons te neem nie. Ons is nie mense van wie daar in die *Huisgenoot* geskryf word nie. Maar beteken dit nou dat ons onbelangrik is? Allermens! Ons is belangrik vir die mense aan wie ons verbind is. Ouers en kinders is vir mekaar belangrik. Broers en susters, en mans en vrouens is vir mekaar belangrik. Hierdie mense speel 'n betekenisvolle rol in mekaar se lewens.

En ja, dit voel nie elke dag of ons 'n betekenisvolle rol het om te vervul in mekaar se lewens nie. Ons raak soms geïrriteerd met mekaar. Daar is dae wat ons nie regtig met mekaar wil praat nie. Party dae voel dit of die mense naby aan ons eerder 'n stok in die wiel steek in plaas daarvan dat hulle ons help. En as ons na onself kyk, ons wat voel dat ons eintlik maar onbelangrik in die wêreld is, vra ons onself af: Watter betekenisvolle rol kan ek nou in ander mense se lewens vervul?

Tog is daar ouers wat sal sê: My betekenisvolle rol in my kinders se lewens is om te sorg dat hulle klere en kos het, dat hulle 'n goeie skoolopleiding ontvang sodat hulle ook uiteindelik hulle eie werk en huis kan hê. Broer en suster, dit is heeltemal reg. Daar is nie ouers wat wil sien dat hulle kinders moet sukkel en swaarkry nie. Baie ouers sorg vir hulle kinders omdat hulle vir hulle kinders omgee en hulle liefhet. En as daar ouers is wat dit nie doen nie en hulle kinders verwaarloos, word sulke ouers van die samelewing of selfs van die staat se kant af verplig om vir hulle kinders te sorg. Anders word die kinders van hulle af weggeneem en in pleegsorg geplaas.

Maar as ons dit nou alles gesê het, geliefdes, moet ons onself nog hierdie een vraag vra: Het ons die heel belangrikste ding vir ons kinders gedoen? As ek nou gesorg het dat my kinders die beste skoolopleiding ontvang het wat ek kan bekostig en miskien later 'n verdere opleiding sodat hulle 'n goeie werk kan hê en nie swaarkry nie, het ek dan nou alles gedoen wat ek kon en moes doen? Broers en susters, julle wat in 'n lewende verhouding met Jesus Christus lewe en weet dat ons sonder Hom niks van die ewige lewe saam met God sal hê nie, weet dat daar nog iets baie belangriker is as 'n goeie skoolopleiding en 'n goeie werk vir ons kinders. Ons moet (doopbelofte) ons kinders ook begelei in hulle verhouding met die Here. Ter wille van hulle ewige saligheid moet ons alles doen wat ons kan sodat ons kinders 'n lewende verhouding met die Here mag hê. Ons moet alles doen wat ons kan sodat ons seker kan wees dat ons kinders nog steeds die Here sal liefhê die dag wanneer ons nie meer 'n direkte invloed in hulle lewens het nie.

In ons Skrifgedeelte van vanoggend hoor ons van belangrike mense soos Naäman, die hoof van die weermag van Aram, en Elisa die profeet van die Here in Israel. Ons lees hoe die Here vir Elisa gebruik het om Naäman van sy melaatsheid te genees en tot geloof in die lewende God te bring. Effens op die agtergrond is daar nog twee ander belangrike mense, die koning van Aram en die koning van Israel, wat nie hoofrolle in hierdie verhaal speel nie. Maar vanoggend wil die Heilige Gees ons aandag vestig op die mense wat miskien in hulle eie oë en in die oë van die wêreld nie so belangrik is nie. Die Gees vestig ons aandag op hulle sodat ons kan raaksien watter betekenisvolle rol hulle in die lewens van ander mense en in God se koninkryk vervul het. Hierdie sogenaamd onbelangrike mense is die jong dogtertjie uit Israel en haar ouers. Ons beskou hulle as onbelangrik,

want die dogtertjie se naam word nie eers genoem nie en van haar ouers word daar glad nie iets gesê nie. Onbelangrike mense wat 'n uiters belangrike rol in die lewe van Naäman vervul het.

Eers enkele gedagtes rakende die dogtertjie. Die afleiding wat ons kan maak, is dat sy tussen 5 en 12 jaar oud was. Dit is die afleiding wat ons maak op grond van die Hebreeuse woord wat ons vertaal met *jong dogtertjie*. Op een van die Arameërs se strooptogte is hierdie dogtertjie uit haar ouerhuis ontvoer om as 'n slavin in die land van die oorwinnaars te gaan werk. So het dit dan gebeur dat sy 'n bediende geword het van Naäman se vrou. Uit haar land en ouerhuis is sy ontvoer en sy bly nou in die land van die heidene en werk as slaaf vir 'n heidense vrou.

Natuurlik was daar groot ontwrigting in haar lewe. Uit haar bekende omgewing is sy weggevat en is nou in 'n vreemde land. In hierdie land en huis waar sy nou is, word die Here van hemel en aarde nie aanbid nie – net 'n klomp afgode. Sy het glad nie meer die vooruitsig om haar ouers te sien oud word nie. Daar is nie meer 'n manier dat sy met 'n Hebreeuse seun kan trou en kinders hê nie. 'n Mens sal kan sê dat al haar kinderdomme en jongmeisiedomme eensklaps weggevee is. Al vooruitsig wat sy nou nog oor gehad het, was om 'n slavin te bly haar lewe lank.

Broers, susters en kinders, as ons onself in die omstandighede van hierdie dogtertjie moet indink, kan ons 'n paar dinge opnoem wat ons sou gedoen het. 'n Mens kan kyk of jy nie op 'n manier kan ontsnap nie en teruggaan na jou eie land en ouers toe nie. Jy kan skop en skree en weier om vir hierdie heidene te luister. Maar dan is daar slegte nagevolge. Hulle sal jou slaan of selfs doodmaak en net 'n ander kind gaan steel. Jy kon dikbek stilbly en maar net jou werk doen. Dikbek bly, want jy is kwaad oor al hierdie slegte dinge wat hierdie mense met jou laat gebeur het nie.

En as jy sien dat jou baas, hierdie groot generaal van die vyand, siek word met melaatsheid, kan 'n mens lekkerkry hier in jou binneste en dink: Daar het jy dit nou, jou boelie. Jy wil mos kinders behandel soos goeters. Nou het die Here jou net jou verdiende loon laat kry. En dan kan 'n mens wens om te sien hoe hierdie siekte hom al sieker en swakker maak totdat hy doodgaan, want as mensedief en heiden verdien hy mos nie iets beter nie.

Geliefdes, dit is wat 'n mens van nature sal wil doen, maar nou hoor ons dat dit nie gebeur nie. Hier het iets heeltemal anders en moois gebeur. Met kinderlike eenvoud getuig die klein dogtertjie teenoor haar eienares dat die profeet in Samaria haar baas sal kan gesond maak. Sy is oortuig die profeet sal dit kan doen, want sy weet van ander groot wonderwerke wat die Here deur hierdie profeet al gedoen het. Daar was 'n weduwee wat met 'n erdekannetjie olie 'n hele klomp kruike vol olie kon maak en verkoop om al haar skuld te kon betaal. Daar was die seuntjie wat gesterf en deur die profeet het die seuntjie weer lewendig geword. Hierdie dogtertjie het geweet hoe groot en sterk en goed die Here is wat sy liefhet en dien. Sy was seker dat die Here ook haar baas van sy siekte kan gesond maak. Hoe Hy dit kan doen, het sy nie geweet nie en daarom het sy gesê dat Naäman by die profeet in Samaria moet uitkom.

Hier het ons hierdie onbelangrike jong dogtertjie, maar sy het vas geglo in haar Here en sy profeet. En gelei deur die Heilige Gees het sy teen al haar eie gevoelens in vir haar eienares vertel van haar goeie en groot God wat mense kan gesond maak. En die impak wat hierdie dogtertjie se woorde op Naäman se lewe gehad het, was ontsaglik groot. Hy het op die ou end nie net gesond geword van sy melaatsheid nie, maar tot geloof gekom in die God van hemel en aarde. Omdat hierdie dogtertjie haar deur die liefde van die Here laat lei het en nie deur haar eie gevoelens nie, het sy 'n betekenisvolle rol in God se koninkryk gespeel. Haar woorde was die begin van Naäman se uiteindelijke bekering en verlossing.

En nou enkele gedagtes oor die ouers van hierdie dogtertjie. Hulle is so onbelangrik dat hulle nie eers in die verhaal genoem word nie. Ons weet maar net dat sy ouers het, maar of hulle nog lewe,

weet ons nie. Wat ons wel van hulle weet, sien ons in die dogtertjie raak. In hulle eenvoud het hulle haar grootgemaak en haar geleer van die Here. Omdat hulle die Here liefhet, het hulle hulle dogtertjie ook begelei om 'n lewende verhouding met die Here te kan hê. Hulle het haar geleer van die liefde van die Here, liefde wat Hy nie net vir die Israeliete het nie, maar vir die hele wêreld se mense. En hierdie onderrig het in hulle kind vasgesteek. Sy het regtig geglo dat die Here ook goed kan doen vir mense wat Hom nog nie ken en dien nie, daarom het sy vir Naäman se vrou vertel van die profeet wat vir Naäman kon gesond maak.

Ek kan my ook voorstel dat die pa en ma van hierdie dogtertjie baie gehuil het oor hulle kind wat ontvoer is. Maar meer nog, hulle het sekerlik baie gebid vir haar – gebid dat die Here haar sal bewaar en vashou sodat sy nie haar geloof in Hom daar in die vreemde land sal verloor nie. En die Here het hierdie gebede van haar ouers verhoor. Hy het die dogtertjie veilig bewaar en sy het bly glo in die Here. En die onderrig wat haar ouers haar gegee het en haar eie belewenis van die Here se liefde het haar oortuig dat die Here ook goed kan wees vir ander mense.

Hierdie oënskynlik onbelangrike pa en ma is deur die Here gebruik om betekenisvolle werk in sy koninkryk te doen. Ja, hulle het maar net hulle dogtertjie van die Here en sy liefde geleer. Maar hulle onderrig het tot hierdie groot omwenteling in Naäman se lewe gelei. Die heidense generaal het 'n lewende getuie geword. Hy het getuig dat daar net een God is, die God van Israel, en hy het hom tot hierdie Here bekeer en Hom gedien. 'n Onbelangrike pa en ma, maar in hulle diens aan die Here het hulle bygedra tot 'n uiters belangrike gebeurtenis in God se koninkryk – nog een verlore skaap is gered.

Broer en suster, jy voel en beskou jouself miskien vanoggend as iemand wat nie so belangrik is in hierdie wêreld nie. Maar ek wil jou vanoggend daarvan verseker dat jy vir die Here belangrik is. En omdat jy vir die Here belangrik is, is jy belangrik in hierdie gemeente. Jy is so belangrik en geliefd deur die Here dat Hy sy eie geliefde Seun na hierdie wêreld toe gestuur het. Dink net, hoor hierdie groot wonderwerk: God die Seun het mens geword en Hy het op hierdie aarde kom leef en mense van sy Vader kom leer. Maar sy liefde vir jou, broer en suster, het nog verder gegaan as dit. Hy het jou kom verlos van al jou sondes sodat jy nou 'n seun en 'n dogter van ons hemelse Vader mag wees. En daarby het Hy ook nog sy Heilige Gees aan jou gegee sodat jy kan weet en vertrou dat Jesus Christus jou regtig verlos het en kind van God gemaak het.

Maar dit is nie waar jou belangrikheid vir die Here ophou nie. Ons is nie maar net kinders van God deur Jesus Christus en niks meer nie. Pa en Ma, ons is kinders van God gemaak deur Jesus Christus sodat ons dit vir ander kan vertel, vir ander mense kan vertel watter groot liefde die Here vir mense het. En nou maak die Here dit vir ons ouers eintlik maklik. Ons hoef nie ver te gaan om vir ander mense te vertel nie. Die Here gee hierdie ander mense sommer vir ons. Hy gee vir ons kinders vir wie ons van die groot liefde van God kan vertel. Wat 'n heerlike en groot voorreg het ons as ouers om ons kinders van die liefde van die Here te vertel en hulle so te begelei dat hulle ook hierdie liefde van die Here wat Hy in Christus vir hulle het hulle eie te maak. Deur ons onderrig aan kinders, broers en susters, behoort elke kind met wie ons te doen kry ook agter te kom hoe belangrik hulle vir die Here is en hoe die Here hulle wil gebruik om 'n betekenisvolle rol in sy koninkryk te vervul.

En die broers en susters van ons wat weens keuse of omstandighede nog nie kinders het nie en ook nie kinders sal hê nie, is ten opsigte van hierdie saak nie onbelangrik vir die Here of die gemeente nie. Indien jy van die Here die gawe en die liefde vir kinders ontvang het, is daar nog steeds baie maniere waarop jy ook in kinders 'n koninkryksbelegging kan maak. Daar is katekisasie-onderrig wat gegee kan word. Of jy kan betrokke raak of begin om die jongmense in 'n Bybelstudiegroep of jeuggroep te organiseer. Of as jy nie self so iets wil organiseer nie, kom wees deel van die geloofsonderrig waarmee sommige lidmate al besig is by Laerskool De Waveren. Ons is Dinsdagmiddae daar besig. Of as jy nie 'n Dinsdagmiddag kan bedien nie, kan jy ook op 'n

Saterdagoggend by die Skiereiland vir Christus 'n belegging in God se koninkryk kom maak. Wie weet of die Here nie miskien jou belegging wil gebruik om ook 'n groot omwenteling in 'n kind se lewe of in die kind se gesin wil teweegbring nie.

Kom ons gebruik ons gawes om 'n verskil in die lewens van die kinders te maak. Kom ons doen alles wat binne ons vermoë is, sodat ons seker kan wees en vertrou dat as ons nie meer 'n direkte invloed in die kinders se lewens het nie, dat hulle steeds die Here sal liefhê en van sy groot liefde vir ander mense kan vertel. Geliefdes, ons hoef nie eers deur mense raakgesien te word om iets groot te doen nie. In ons eenvoud as gelowiges in wie se harte die liefde van die Here lewe, kan ons groot dinge doen sonder dat ons dit weet. Ons kan maar net ons kinders vertel van die Here en sy liefde. Ons doen dit omdat ons die Here liefhet en omdat ons en ons kinders bruikbaar wil wees in God se koninkryk.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Doop

Psalm 90:9 (p. 456)

- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Psalm 34:1, 6 (p. 166)

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 Junie 2012